VOORWOORD / PREFACE

Laerskool Thabazimbi is 'n uitstekende skool met gelukkige kinders, onderwysers en ouers. Dit is 'n trotse skool met vele tradisies en spog jaarliks met puik prestasies op akademiese-, kulturele en sportgebied.

Ons streef daarna om 'n gesonde balans te handhaaf tussen akademie, sport en kultuur. Daarom bied ons aan elke kind die geleentheid om aan 'n wye verskeidenheid aktiwiteite te kan deelneem.

Our goal is to guide every learner to reach full potential according to his/her individual talents and abilities. By doing this, we enable them to become honourable and accountable citizens of our beautiful country that will make a difference in the communities where they are going to live and work in the future.

We believe that our learners should be educated in a disciplined, neat and organised environment, nurturing love, pride and responsibility.

Spreuke 22:6 sê: "Gee leiding aan die jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook, as hy al oud is, nie daarvan afwyk nie."

Ons wil saam met ons ouers in vennootskap tree om jongmense van integriteit, met 'n positiewe toekomsverwagting te kweek. Hierdie vennootskap kan net werk indien alle partye ten nouste saamwerk. Om hierin te slaag, moet daar gereelde kontak en goeie kommunikasie wees tussen skool en ouers. Om dit te bewerkstellig word gereelde oueraande gehou waartydens u die personeel kan ontmoet om u kind se vordering te bespreek.

We keep our parents informed about our school's policies and activities through regular circulars, an effective sms-network and a weekly upgraded web page. Parents are invited to contact the school or to make an appointment should they need to discuss any circumstances regarding their children.

Ek en my personeel nooi u uit om deel te word van Laerskool Thabazimbi en sê by voorbaat dankie vir u teenwoordigheid en ondersteuning van al ons skoolfunksies.

Mnr JLM Venter
HOOF